WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 07/2020
30/07/2020

WEE VAN DIE VETERANE

1. Passing of Brig EW (Erwin) Pape of Logistics

Beyers, the son of Erwin, advised on the Internet, that "…the family wishes to announce with heavy hearts and profound sadness that the Last Post has sounded for Brig EW Pape. He was a decorated and highly respected member of the SADF and a loving family man. He passed away on 16/06/2020 after 85 full, happy, years. We will always remember him as the ultimate officer and gentleman".

Gen Ian Gleeson of the Infantry adds that Erwin had served at QMG before retiring.

2. Afsterwe van Willem van Rijn van Afd Inl

Willem Theron van Afd Inl verwittig met leedwese "…dat Willem op 18/07/2020 in Pretoria aan huis weens Covid-19 oorlede is. Willem se vrou, Daleen, is in Sep 2019 in 1 Mil Hosp oorlede. Willem se dogter, Ronel Myburgh, se selno is 060 999 9081. 'n Voormalige
Bev SA Mil Inl Kol het aan my genoem dat Willem die lojaalste offisier is wat 'n bevelvoerder ooit voor kan wens".

3. Afsterwe van Kiep van Schalkwyk van die Kavallerie

Wilna de Jager van Afd Inl en Jaco van As van die Kavallerie verwittig met leedwese "…dat Kiep op 16/06/2020 weens longontsteking in 1 Mil Hosp oorlede is. Kiep was voor aftrede op 31/03/1993 die RSM van die SA Mil Inl Kol en van Fontana Mil Basis in Pretoria. Hy laat sy vrou Elise, kinders, kleinkinders en agter-kleinkinders agter".

4. Afsterwe van Hugo Truter van die KDK

Paul Els van die Seiners verwittig met leedwese "…dat Hugo op 25/06/2020 vir hoërdiens opgeroep is. Sy roudiens het op 01/07/2020 vanuit Evangelie Gereformeerde Gemeente in Potchefstoom plaasgevind. Hy was die KM by die Honde-eenheid op Bourkes Luck voordat hy afgetreë het".



5. Passing of Karel (Rooi Rassie) Erasmus of the SAAF

Koos van Rensburg is the Webmaster of the SAAFA and "… advises with immense sadness that Karel has passed on to higher service. The SAAFA offers our sincere condolences to his loved ones at this truly sad time. Karel was a Quarter Master of note. May you rest in peace".

6. Afsterwe van Willem (Willie) Claassen van die SAV

Ronnie Claassen van die Parabats verwittig met leedwese "…dat my broer op 07/06/2020 in sy slaap oorlede is. Hy het sy loopbaan in die SAW by die SA Leërgim begin en het daarna in die SALM en SAV gedien".

Arne Söderland adds "… that Willem had passed away peacefully in Pretoria at the age of 76. Our sincere condolences to his wife, Pikkie, their children Uys, Werner and Gudrun and families and his brother Ronnie. Uys can be contacted on 084 538 3712".

7. Afsterwe van AO1 Rensia Koster van die Seiners

Deon Van Zyl van die Seiners verwittig met leedwese "…dat Rensia op 11/07/2020 in Pretoria oorlede is. Sy was lank aan 2 Sein Regt verbonde en het aan Diabetis gely. Haar seun, Quintin, kan op 082 785 9435 gekontak word".

8. Afsterwe van Piet Van Niekerk van die Genie

Paul Els verwittig met leedwese "…dat Oom Piet op 22/07/2020 weens COVID-19 oorlede is. Piet was Bev 47 Opmetingeskn in die vorige dekade".

9. Afsterwe van Theo Naude van die SWAGM

Martie Maartens van Afd Inl verwittig met leedwese "…dat Theo op 14/07/2020 in die hospitaal op Swakopmund oorlede is. Hy was die laaste aantal jare dikwels siek en in die hospitaal met verskeie chroniese gesondheidsprobleme. Die lede van OATI en veral die Streekskantoor in Windhoek, die Direktoraat Sensorskap in Pretoria en die SWAGM sal hierdie besondere Duitswester met sy goeie sin vir humor onthou. Hy was ook 'n Springbokskut. Hy en Martie het op Omaruru afgetree, die dorpie waar hy grootgeword het. Ons simpatie gaan aan Martie en die ander familie. Martie Martie se selno is
+264 81 333 2716".

10. Passing of Tim Bowles of Sinals and Special Forces

Deon van Zyl of Signals advises with regret "... of the passing of Tim on 06/07/2020. Tim had served in the Rhodesian Army before joining 1 Recce Regt".

11. Passing of Abraham Erasmus Genis of the SACMP

Paul Els advises with deep regret "... of the passing of Abraham, a former RSM of
1 Provost Regt an the Provost School, on 10/07/2020. He was an example of military discipline to all, and a mentor to many and he left deep tracks in the history of the SACMP.

12. Afsterwe van Danie Hurter van die Lugafweer

Jaap van der Poll van die Geskut en SA Leërstigting verwittig met leedwese "…dat
ons vriend en kollega op 29/07/2020 in 1 Mil Hosp oorlede is.

13. Passing of Abe de Kock of the SAAF

Koos van Rensburg of the SAAFA advises "… with immense sadness that Abe, a long-time member of the Outeniqua Branch of the SAAFA, has passed on to higher service. On behalf of SAAFA our sincere condolences to his loved ones at this truly sad time. 14. Passing of Aubrey Miles of the SAAF

Koos van Rensburg of the SAAFA advises "… with immense sadness of the departure of Aubrey, our long time friend who died on 29/07/2020 at the age of 93 years. The SAAFA offers our sincere condolences to his loved ones at this truly sad time".

15. Afsterwe van Elna Rall : Eggenote van Thys Rall van die Meg Infanterie

Johan (Dippies) Dippenaar van die Meg Infanterie en Gert Minnaar van die 61 Meg Bn Vereniging verwittig met leedwese "…dat Elna na 'n beroerte-aanval oorlede is. Ons vra dat Thys se gesin in ons gebede in hierdie moeilike tyd opgedra word. Thys was 'n stigterslid van 61 Meg Bn Gp en was die adjudant en 2IB van 1979 tot 1982. Ons innige simpatie met hierdie hartseerverlies".

16. Afsterwe van Seun van Gert Heyns van die Infanterie

PD van der Merwe van Personeel verwittig met leedwese "…dat Gert sy seun op 26/06/2020 aan die dood afgestaan het. Gert was Bev Groep 2 Bev en ek wil vra dat julle hom in julle gebede sal onthou".

17.Gedenkdiens vir Genl Constand Viljoen

18. Gedagte van RB du Preez van die Infanterie

"Met al die afsterwes die afgelope tyd ken ek nou meer mense in die Hemel as op Aarde".

TRIBUTES TO TREVOR FLOYD OF SPECIAL FORCES (SF)

19. Jan Breytenbach of SF

"I have known Trevor since he arrived at 1 Para Bn in the early sixties and we have travelled a long road together. Trevor was brilliant and the best fighting soldier I had beside me in battle. He never flinched from taking on the enemy no matter their strength and the odds against us. He was my buddy through thick and thin. We dived together as buddies, including a mission to destroy the enemy at sea. He once saved my life when on an occasion the last plane out was surrounded by locals and standing in the door of the plane

and, using his initiative, shouted '… make way for the pilot'. The crowd made a gap enabling me to climb aboard thinking I was the pilot. Thanks to Trevor I was not left behind and the two of us got out safely.

Trevor was a generous, true and faithful friend and a great soldier. He will be greatly missed by everyone who knew him and leaves a big gap in my life".

20. Dan Lamprecht of SF

Trevor was my instructor at 1 Para Bn and what he taught engendered a feeling of trust that remained with me throughout our relationship. When the initial Dirty Dozen was formed I grew to know Trevor and I instinctively knew he was a practical, no-nonsense man who liked to get the job done. If we had to improvise, he always came up with a plan. After my retirement we happened to live in the same street. Many happy memories were made. We served on the former Special Forces League as committee members and attended Fort Swartkop monthly meetings. What a great companion. A comrade, companion and true friend has gone for Higher Service. Salute".

21. John More of SF

"Trevor was my instructor At 1 Para Bn and I received my basic parachute jumping wings on 12/06/1970. Fifty years later I pay tribute to a very experienced and brave soldier who is no longer with us. Trevor was always an asset in battle and during training. With his extensive technical knowledge of vehicles and outboard engines, he rescued many of us when in a critical situation. One always felt safe if Trevor was a member of your team. Trevor and I served together in 1 Recce Regt from its inception in 1970 until I left in 1980. Throughout the subsequent years we had maintained contact through the SF Association. To Trevor's daughters, Allison and Michelle, and their families, to Daphne and other members of the family, I extend my heartfelt sympathies. I pray that God will comfort you in these difficult times".

22. Koos Moorcroft van SM en Sersantmajoor van die SA Leër

"Ek en my ou groot maat het vanaf skooldae in Florida 'n lang pad saamgestap en daardie pad sal altyd in my herinneringe bly. Trevor het altyd die goeie humor in alles raakgesien en ek onthou nog dat hy 'n nuwe grassnyer moes koop net voordat ons na Fort Doppies vir nog 'n operasie moes vertrek. Die verkoopsman het 'n model aanbeveel en sy oë het gerek toe hy vir Yvonne sê om te kyk of sy dit kan aanskakel. Hy het nie besef dat ons maar min by die huis was en dat ons gades maar self hierdie takies moes verrig.

Ons sal nooit die goeie beginjare van die Recces vergeet nie, asook die wonderlike tye elke keer wanneer ons weer ontmoet het. My groot maat, ek sluit af met hierdie woorde van Faan Gerber, soos aangepas uit 'n lied van Don Williams:

Some Broken Hearts Never Mend

Parachutes in the night
Faces black, bodies tight
A county's fate
depending on their toil on foreign soil.

Bush trips that never end
Friendships that never bend
Thinking of loved ones far

on hard beds beneath familiar stars
Rendezvous out of sight
fade away into the night
Now and then
the thought that comes o all
Who is next to fall?

Some soldiers are glory bound
Some end up underground
But way down, deep in all
The answer is yes! To duties call.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

25. Gesamentlike Huldeblyk deur Willem (Kaas] van der Waals van die Parabats

Die vorige Nuusbrief was vir my ‘n groot skok omdat dit op een slag bekendgemaak het dat vier van my gewaardeerde kollegas kort na mekaar gesterf het.

Burry Ferreira was 2IB van 1 Valsk Bn in my laaste jare by die eenheid en ook die bevelvoerder van die versterkte kompanie wat in Nov 1967 in alle geheimhouding as afskrikmaatreël in Rundu ontplooi is. Ek was sy 2IB en pelotonbevelvoerders was wyle Dawie du Rand en Niek Visser terwyl AO 1 Rassie Erasmus, die eenheid se RSM, as KSM opgetree het. Burry sou my in Jan 1968, tydens my wittebrood, op die eerste Joint Services COIN-kursus by Rhodesië se Infanterieskool in Gwelo stuur. Dit was ‘n besondere ondervinding in eie reg.

Sers Trevor Floyd en ek was in 1965 die enigste twee van 12 potensiële valskerminstrukteurs wat die teoretiese fase van die Instrukteurskursus oorleef het onder ‘n moeilike, wyle maj Hannes Botha as bevelvoerder van die Valskermopleidingsentrum en wyle AO 1 Johnny Kieser as kursusleier. Daarna moes ons elk ‘n string van agt man op kursus 35V afrig en laat kwalifiseer en dit was my beskore om wyle Archie Moore, ‘n toekomstige Bev 1 Valsk Bn, as deel van my string te leer om valskerm te spring.

Basjan van Niekerk, die rustige, wyse antropoloog met sy droë humorsin, het my by Leër HK bygestaan om Komops, destyds bekend as Burgersake of geklassifiseerd as Sielkundige Aksie, aan die operasionele bevelvoerders van die SA Leër bekend te stel.

Ek was deel van nege SAW-offisiere wat in Okt 1977 na die Republiek van Sjina [Taiwan] is om by hulle Politieke Oorlogsvoeringsakademie ‘n kursus van ses weke te volg. Een van hulle was Wessel (Kokkie) Kok wat mettertyd Bev SA Vlootstafkol sou word. Ons het ook beide in Eldoraigne gewoon en dieselfde kerk bygewoon het, terwyl ek jaarliks in die negentigerjare, saam met prof Deon Fourie, die rewolusionêre-oorlogfase by Kokkie se kollege aangebied het”.

26. Gesamentlike Huldeblyk deur Sarel du Plessis van die Geskut

“Ek sien gewoonlik uit na elke uitgawe van die Veterane se Nuusbrief, maar die afgelope twee was minder aangenaam. Eers was dit Antoon Cook. Ons verbintenis strek vanaf 1973 toe ons saam by BGGGM was en daarna by Leër HK met die begin van GS2. Reg Deyzel was saam met my by die SA Mil Akad en later in die Lugafweer in Youngsfield. Ons gesinne was huisvriende vir baie jare. En nou Basjan van Niekerk en ek het hom nog onlangs met sy verjaardag gebel. Ons was saam by HK 101 Taakmag in Grootfontein en later by HK SWAGM in Windhoek waar ons saam Burgersake bedryf het. Dr Dries Jones onthou ek van Wynberg waar hy die geboorte van my jongste dogter in 1970 hanteer het. Soos Tennyson

in Morte de Arthur gedig het is '… there is a time to come and a time to go and their time has drawn nigh'. Dit is jammer om van bekende oud-kollegas se heengaan te hoor maar ek is dankbaar vir ons verbintenis en gun hulle die rus".

27. Tribute to Geoff Preston-Thomas of the Infantry. Christo Retief of the Infantry provided an extensive tribute to Geoff, of which only the first two paragraphs are shown:

"We pay homage to one of our unsung heroes of the Border War, namely Cmdt Geoffrey Robin Preston-Thomas, who was called to Higher Service on 26/06/2018. We, the members and veterans of the old SADF and more specifically of 33/701 Bn pay a lasting tribute of respect to our departed comrade who fought his final battle against cancer. When the call to duty of our country was heard, Geoff Preston-Thomas answered that call and he served his country, his fellow officers, the men under his command and his family faithfully to the end.

Geoff was the founding OC 33 Bn at M'pacha in 13 Mil Sub Area in the Eastern Caprivi, who retired from the SADF in Jul 1991. His final command was as OC Gp 7 at Grahamstown".

28. Gedagte oor Genl Constand Viljoen. Robbie Fox van Personeel verklaar soos volg:

"Ek was genl Viljoen se PA in 1978/9. Wat 'n wonderlike soldaat en vriend. Sy mooiste woorde was '… ek lei van voor; ek stoot nie van agter nie' Rus in vrede. Ons salueer u".

29. Leroy Abbot van Personeel

"Dit is opmerklik dat die getal afsterwes stadig vermeerder en dit laat jou al meer dankbaar wees vir die hoë ouderdom wat ons met relatiewe gesondheid bereik. In Nov 2020 word ek 81 en my vrou 80. Ons was in Jan 2020 reeds 60 jaar getroud en dit slegs met die Here se genade''.

30. Willem [Kaas] van der Waals van die Parabats

"Ons sit ook maar nog by die huis en wag om te hoor wanneer ons weer rolbal kan speel. In teenstelling met die meeste klubs het Centurion Rolbalklub sy enkelskompetisie reed vroeg afgehandel en kon ek darem vir die derde opeenvolgende jaar die mans se enkelkampioenskap wen. Dit wil voorkom asof die jeugdiges uit respek vir ouderdom maar die ou man laat wen. Glo nie hulle sal in die komende jaar weer so gaaf wees nie".

MILITêRE AANGELEENTHEDE

31. Restoration of the Guns

Roy Andersen is the Number 1 on the Gun and reports "...that the Gunners' Association has launched a nationwide Heritage Gun Restoration Project. Full details can be found on the webpage at www.gunners.org.za".

32. Russian Navy Deploys Marine Mammals in Syrian Civil War

Angel Soderland has reported in his Maritime News (MN), as well as in the other reports here-under, that the Russian Navy appears to have deployed marine mammals in Syria during the civil war in 2018, as the satellite image clearly shows the two Russian Navy seal or dolphin pens at the Russian Navy's base at Tartus in Syria. The mammals were likely part of anti-diver defences at the base, which is a crucial logistics hub for Russian forces operating in the country. Based on the size of the pens the mammals involved were most likely seals.

33. Political Commissars on Chinese Warships

The presence of Political Commissars on Chinese Warships is important in assessing Chinese short-term intentions and Beijing's longer-range goals. President Xi Jin-ping has tipped the balance a little more to the commissar over the military commander in operations to ensure adherence to party loyalty. Political commissars are now trained and skilled in the operations of the class of vessel or aircraft squadron they are assigned to. They learn how to take command as one had to do during a confrontation with the Vietnamese after the ship's commander fell ill. Command and control are now integrated and there is shared authority. Among the commissar's duties are personnel, including evaluating the commander, maintaining military and political discipline, checking on morale, conducting psychological operations and serving as a co-equal with the skipper.

34. Sea Mines are Back

The announcement that the Australian Navy is going to acquire mines and further investing in mine countermeasures is the latest in a growing trend focusing on these traditionally unfashionable weapons. Mine warfare has long been unfashionable, with Navies viewing it as weapons of the weak. Historically, however, they have proved to be a far more flexible capability than they are often given credit for. The photo shows sea mines on an Iraqi minelayer captured by the RAN in the 2003 Iraq War.

35. Iran Moves Mock US Aircraft Carrier to Sea Amid Tensions

Iran has moved a mock Nimitz-class aircraft carrier from the Iranian port city of Bandar Abbas to the strategic Strait of Hormuz, amid heightened tensions between Tehran and the US, likely signalling that the Islamic Republic soon plans to use it for live-fire drills. The photo shows a tugboat pulling her out into the Strait from the Iranian port city of Bandar Abbas.

DIE STRYD IN NOORD-MOSAMBIEK

36. Jihadist insurgency in Mozambique

An article on this subject by Al J. Venter appeared in the Rapport of 11/07/2020. Al also reports "… that the situation is now totally out of control in Northern Mozambique. The Jihadist organization, which is linked to Islamic State, now attacks targets at will and over the past eight months has shot down several helicopters. I have a video that was clandestinely filmed. In half a century of covering Africa's troubles, I have never seen anything quite as horrific as this".

TOEKOMSTIGE OORLOGTEATERS

37. Japan is Building Aircraft Carriers but China is Already Planning to Sink Them

Arne reports in his MN that the Japanese Navy's first aircraft carrier in 75 years is almost ready to deploy. The helicopter carrier, Izumo, is undergoing modification for fixed-wing operations, apparently at the Japan Marine United shipyard in Yokohama. The modifications will clear and reinforce the deck in order to transform the vessel from a helicopter carrier into a light aircraft carrier capable of supporting the Japanese Air Force's F-35B stealth jump jets. Izumo's sister vessel, Kaga, is slated to undergo the same modifications. However, the Chinese military has already considered how it might sink the Japanese carriers when required. The photo shows Izumo and her escorts.

38. US and Chinese Navies Exercise in South China Sea

The US Military says their exercises are a response to rising Chinese military assertiveness and intimidation in the region, but China states that it is ready to counter the USA and will not waver in safeguarding its interests. China has accused the United States of having ulterior motives in sending two aircraft carrier strike groups to the disputed South China Sea, while its state media reported that Beijing stands ready to counter the challenge posed by Washington. The opposing forces operate close to each other in the South China Sea which increases the risk.

WELSYNSPROJEKTE

39. Die SAWV se Proj Sandpatrys. Die volgende is in die SAWV se tydskrif, Die Trompetter, gerapporteer:

Makkerhulp tydens die COVID- Pandemie

Daar is verskeie eenhede en lede van die SAWV wat die afgelope tyd ‘n enorme bydrae gelewer het om mense met kos, vervoer en mediese dienste te hulp te snel en verskeie het finansiële bystand uit die Makkerhulpfonds ontvang. Die doel om SAWV-lede in nood by te staan is met groot sukses en onderskeiding bereik en die SAWV salueer en bedank almal wat betrokke was. ‘n Groot dilemma is egter dat baie Veterane nie lede van die SAWV of enige ander Veterane-organisasie is nie. Persone kan nie gehelp word as hulle nie as lede binne ‘n eenheidsnetwerk funksioneer nie. Tyd staan nie stil nie en al is jy vandag nog selfversorgend, kom daar ‘n tyd dat jy vir ander om hulp moet vra. ‘n Eertydse kameraad het nou die dag opgemerk dat hy nooit sou kon dink dat iemand hom sou moes neem om sy inkopies te doen nie.

Raak nou betrokke by ‘n Eenheid en werk saam om sukses te verseker. Ons is op onsself aangewese. Kontak asseblief die Operasionele Bestuurder van die SAWV, Hein Visser, by 082 450 9289 of op hein.visser@sawv.co.za indien u enige navrae het”.

40. Die SAWV se Proj Suikerbekkie : Adopt a Vet

Hierdie Projek het ten doel om uit te reik na ‘n bejaarde Veteraan. Lede raak eensaam en kinders werk en woon deesdae oorsee. ‘n Primêre behoefte is om besoek te word en oor die goeie ou Weermagdae te praat. Ander het bloot net die behoefte dat iemand vir hulle brood en melk, lugtyd of hulle medikasie gaan haal. Sulke lede moet geïdentifiseer en aan lede in die Eenheid toegewys word, wat dan kontak kan bewerkstellig. Dit sal ook goed wees as ons Eenhede ouetehuise besoek om te bepaal hoeveel Veterane daar is wat nog nie lede is nie, sodat hulle aangeneem kan word en met die voordele volgens die Wet gehelp kan word.

41. Begrafnisondersteuning deur die Dept van Militêre Veterane (DMV)

Die Wet op Militêre Veterane (Wet no 18 van 2011) bepaal dat die DMV steun met die begrafnis van ‘n Militêre Veteraan kan lewer, maar ‘n lid moet op die DMV databasis geregistreer wees of sy aansoek om registrasie moet reeds voor afsterwe ingedien wees. Voordat naasbestaandes ‘n aansoek om hulp kan indien moet die eggenoot en kinders ook as naasbestaandes op die DMV databasis geregistreer wees. Die SAWV sal die Aansoekvorm en spesifieke dokumentasie verskaf wat by DMV ingedien moet word wanneer ‘n lid te sterwe kom om die nodige ondersteuning te bekom. Die SAWV kan ook die dokumente nagaan en die aansoek met die volledige stel dokumente, namens die begunstigde, by die DMV indien. Stuur u navraag na die afsterwe na sawv@milvets.co.za.

Die naasbestaandes moet eers self die begrafniskostes betaal, waarna die bewys van uitgawes saam met die aansoek ingedien word. Die DMV betaal ‘n maksimum van R25 000 van ware uitgawes uit. Oorspronklike bewys van alle betalings moet dus bewaar word.
‘n Aansoek om begrafnishulp wat na ‘n jaar na die afsterwe van die lid ingedien word sal nie oorweeg word nie. Die DMV se begrafnishulp is net vir die Militêre Veteraan en nie vir die afhanklikes nie. Die SAWV is egter in die proses om te beding vir ‘n pakket met bekostigbare tariewe wat begrafnisdekking vir die afhanklikes sal voorsien.

42. Managing of Veteran Benefits

Arlene Bronkhorst of the SADFA advises”… that due to the Covid-19 pandemic difficulty is being experienced with regards to registrations and approval of benefits at the DMV. Government departments only work with skeleton staff and if one person tests positive for the virus, the whole department closes down until further notice. Normal work is not progressing as usual and everything is slowing down.

No outsiders are allowed in the DMV building and as no one is answering phones or e-mail messages, we cannot follow-up on queries. Please be patient as we are all in the same boat and things cannot be rushed. The SADFA is still trying to do our best and care about each member, although we cannot accomplish everything we would like to”.

EIETYDSE MILITERE GESKIEDENIS

43. Kopbeeld van Genl WP Louw van die Kavallerie

Paul Els verwittig dat “… die kopbeeld in die museum van 1 Valsk Bn bewaar word. Genl Louw was die stigterslid van 1 Valsk Bn. Ek het die foo ongeveer 15 jaar gelede geneem”.

44. Aides de Camp vir die Goewerneur-generaal tussen 1952 en 1959

Theuns Prinsloo van die SALM het die foto verskaf en noem dat Buks Crafford in `n lug-tot-lug botsing in ‘n Merlin naby Lanseria dood is. Piet Swemmer het in Korea ‘n noodlanding met sy Mustang gedoen met napalm-bomme wat nog onder die vlerke geheg was. Hy is onlangs in sy meenthuis in Pretoria vermoor.

Bekendes op die foto is genls Magnus Malan, Charlie Lloyd en Buks Crafford, asook Reg Walker, Helm Roos, Joe Keyter en Piet Swemmer.



MILITêRE MEDIESE VERSORGING

45. <u>Probleem met ‘n Gehoortoets</u>

Ray Farrel van die Genie is woonagtig in Klerksdorp en rapporteer dat sy gehoorstuk vervang moes word, maar het geen hulp van die Siekeboeg in Potchefstroom ontvang nie. Ray verduidelik “... dat dr Dine by die fasiliteit in Potchefstroom navraag gedoen het maar my later ingelig dat die gehoortoets by 1 Mil Hosp uitgevoer moet word. Ek het verduidelik dat dit vir my nie moontlik is nie, maar hy was ongenaakbaar. Ek het verduidelik dat ek 80 jaar oud is, in Klerksdorp woonagtig is en nie in staat is om hierdie afstand af te lê nie. Weens rompslomp by
1 Mil Hosp sal ek waarskynlik nie binne een dag geholpe raak nie en sal moet oorslaap, maar kan nie my sieklike vrou, weens die veiligheidsituasie, alleen by die huis los nie. Dit het egter nie gehelp nie.

Dit is lagwekkend om te verwag dat ek na Pretoria vir ‘n gehoortoets moet gaan, terwyl dit in Klerksdorp gedoen kan word. Die Siekeboeg in Potchefstroom verskaf magtiging vir oogtoetse, koop van brille en besoeke aan plaaslike geneeshere, maar ’n gehoortoets kan

nie goedgekeur word nie. Ek is bereid om self vir ’n plaaslike gehoortoets te betaal, maar vermoed dat die stelsel nie die toetsuitslag sal aanvaar nie. Ek het toe maar besluit om afstand doen op my reg om ‘n gehoorstuk te verkry”.

Die Nuusbrief het ’n brief aan dr Jamuna by die SMMVF geskryf om te vra dat ons Mediese Fonds moet help en etlike weke later het die Siekeboeg vir Ray ingelig dat magtiging verkry is om die gehoortoets en uitreik van ’n gehoorstuk nou in Klerksdorp te doen.

46. Situation at 2 Mil Hosp in Wynberg. The following three entries appeared on the Internet in this regard:

* Yvonne van Zyl writes “...that I had to visit 2 Mil Hosp in Wynberg and experienced that the staff at Casualty were helpful, friendly, calm and very professional. The place was spotless. Thumbs up for 2 Mil Hosp. Well done and thank you”.

* Tol Snyman noem dat hy “… nog net goeie diens by 2 Mil Hosp ontvang het. Dankie aan almal daar”.

* Leon De Vries states that he “… has always felt very positive about 2 Mil Hosp. The nurses have always been professional in my opinion. I feel secure that should I be admitted again, I will be in good capable hands”.

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

47. Betaling van Reiskoste

Dr Lourens Smith van die SAGD verwittig dat Veterane wat kostes moet aangaan om mediese sorg te verkry, by die SMMVF vir subsidiëring van die reiskoste kan aansoek doen. Inligting is op die Fonds se webblad by www.rfmcf.co.za beskikbaar”.

NUWE MILITêRE BOEKE

48. *Die Brug: Na die Hel en Terug in Angola*

Annie Olivier en Gert Minnaar verklaar op die Internet dat “... die boek skaars twee weke op die rakke is en dit debuteer sommer reeds in posisie 50 op Nielsen se topverkoperslys. Veels geluk Deon Myburgh en dankie aan al die Veterane en vriende wat die nuus oor hierdie ongelooflik belangrike en aangrypende boek versprei”.

49. New Book by Al J. Venter : *Last of Africa’s Cold War Conflicts*. This new book by Al is available from Bush War Books at sales@warbooks.co.za for R600 and is described as follows:

Portugal was the first European country to colonise Africa. It was also the last to leave, almost five centuries later. During the course of what Lisbon called its
‘…civilizing mission in Africa’ the Portuguese weathered numerous insurrections, but none as severe as the guerrilla war first launched in Angola in 1961 and two years later in Portuguese Guinea. While Angola had a solid economic infrastructure, that did not hold for the tiny West African enclave that was to become Guine-Bissau. Both Soviets and Cubans believed that as that tiny colony, roughly the size of Belgium, had no resources and a small population and that Lisbon would soon capitulate. They were wrong, because hostilities lasted more than a decade and the 11-year struggle turned into the most intense of Lisbon's three African colonies.It was a classic African guerrilla campaign that kicked off in Jan 1963, but nobody noticed because what was taking place in Vietnam grabbed all the headlines.

The Soviet-led guerrilla campaign in Portuguese Guinea was to go on and set the scene for the wars that followed in Rhodesia and present-day Namibia.



PAUL ELS SE BOEKE

50. Informasie oor die SA Leër se Eenhede en Formasies. Paul Els noem dat hy tans twee boeke saamstel om belangrike infomasie in te vorder en vir die toekoms te bewaar. Hy benodig die volgende:

“Name van die SA Leër se korpse, kmdmte asook die divisie en brigade en gebieds HKe. Die tweede lys is van alle Infantrie-eenhede en Dir Inf se organisasie. Dan ook die direkteure, kmdmte, korpse en Infantrie-eenhede se BGs, bevelvoerders en Kmdmt AOe en RSMs. Ek het wat op die Internet verskyn, maar name en datums is onvolledig.

Hulp met veral jaarblae of programe met fotos van die Bev en RSM borde van die eenhede sal waardeer word en kan na my by paul@who-els.co.za gestuur word.

Onthou dit is ons almal se geskiedenis. Die boek oor die SA Leër bestaan reeds uit 220 bladsye. Ek sukkel regtig om informasie oor oor bevelvoerders en RSMs van die SA Leër Vroue Kol, Soutpansberg Mil Gebied, Sein- Log- en Genieformasies, asook van die SA Leërgevegskool, 43 Meg Bde en GS2 te kry”.

ALGEMENE ASPEKTE

51. Centenary of the Royal Corps of Signals

Robbie Roberts is the Chairman of the Signals Association and has advised that he had “… sent a letter on behalf of the SA Signals Association to the Royal Corps of Signals to congratulate them on their Centenary in Jun 2020. Hopefully, this will serve as some form of respect which we, as Signallers in Cape Town, still foster towards where we originate from, particularly as the Cape Town based 3 Bde Sig Coy was the only Signals unit in South Africa that adopted and used royal blue as part of our traditional Mess Dress and undress Blues uniforms since WW2 until the present.

Wat vir my die ontstellendste is, is dat ons Seiners hier onder in die Kaap die enigste in SA is wat die Britte met hulle 100ste bestaan gelukgewens. Ek het egter nie verwag dat ons SANW enigsins aan so iets sou dink nie, veral omdat ons voorgangers, die Royal Corps of Signals net vir hulle te veel kolonialis sal wees. Dit is egter ‘n skande dat die SA Seinkorps

so ongevoelig kan wees. Dank die Vader ek dien nie meer nie, want dan sou ek sekerlik in die DB beland het".

52. Heritage Support to the Voortrekker Monument. Jaco van As of the Council of Military Veterans' Organizations of SA (CMVO SA) states the following:

The CMVO SA and Member Organisations annually make use of the Voortrekker Monument Heritage Site to accommodate and host memorial services and wreath laying ceremonies. Prior to the implementation of COVID-19 counter-measures, this site was the most visited heritage site of its kind in Gauteng and one of the top ten cultural historical visitor attractions in the country. It was the first site to be graded as a National Heritage Site in Pretoria. The COVID-19 regulations have led to a serious constraint of the tourism industry and an urgent need to sustain survival of this heritage site. Various institutions like the CMVO wish to contribute and to make a difference.

The CMVO SA request all the Member Organisations (MO) to consider a contribution, or a monthly contribution, to the CMVO bank account, with reference Monument and MO Name, preferably before end July 2020. The CMVO will also contribute and a joint transfer to the account of the Voortrekker Monument will be administered. The CMVO SA bank account is at Nedbank, Branch No 198767, Account No 1920101098 and the e-mail address is cmvotreasurer@gmail.com.

Your consideration and generous support to a good cause will be highly appreciated".

53. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Jul 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

54. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

55. NTR.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

56. Beroep op Lede van AMAGP. As Kleynhans van die Lugafweer en bestuurslid van AMAGP rig die volgende beroep op die Veterane-verenigings:

"Ons Veterane wat loopbane in die Staatsdiens gevolg en wat as staatswerknemers met pensioen afgetree het, is sekerlik bewus van die ernstige bedreiging wat ons pensioenfonds

(GEPF) in die gesig staar. Afgesien van die bewese afwaartse kurwe in die die prestasie en volhoubaarheid van ons fonds en grootskaalse verliese weens uiters swak en verdagte beleggings van ons geld deur die OBK, word daar tans met valkoë uit alle rigtings na ons en ander pensioenfondse gekyk om die staat se desperate finansiële situasie te verlig.

AMAGP is die enigste organisasie wat namens die pensioenarisse vir die beskerming en volhoubaarheid van ons pensioenfonds veg, maar sonder die nodige lidmaatskap en finansies kan ons nie die bedreiging effektief aanspreek nie. Baie van ons pensioenarisse gebruik nie die sosiale media nie, maar behoort wel aan Veterane-organisasies.

Die SALM Vereniging het nou die voortou as vereniging geneem om AMAGP te ondersteun met die werwing van GEPF lede (werkend en pensioenarisse) in hul geledere en het sopas die volgende korrespondensie van hulle ontvang:

“Die SALM Vereniging se Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) het tydens hulle Julie-vergadering die volgende besluit geneem oor lidmaatskap van AMAGP: ‘We propose that NHQ be mandated to circulate the correspondence received to all Branches with the proviso that it remains everyone’s democratic right to decide whether they wish to join or not’.

Ek wil graag hiermee ‘n beroep op al ons ander Veterane-verenigings doen om AMAGP by te staan met die verspreiding van AMAGP se materiaal aan hulle lede. Ons sal graag informasie aan Besture voorsien en enige navrae hanteer”.

57. Betrokkenheid van Ander Organisasies by die Stryd

AP Stemmet van die Kavallerie en AMAGP verklaar dat AMAGP lank die enigste organisasie was wat aandag aan die volhoubaarheid van die ons Pensioenfonds gegee het. Die PSA en Solidariteit doen dit ook nou. Ander organisasies is doodstil en sommige is skaam omdat hulle nie vroeër agtergekom het dat daar fout is nie en kwaad dat ons met sukses iets daaraan doen. Ons beywer ons tans om organisasies van ander departemente by AMAGP te betrek”.

58. Pensionarisse Ly Honger. AP Stemmet het hierdie brief aan die media geskryf wat onder andere in die Beeld gepubliseer is en is dit effens verkort:

“Daar is ‘n klagte omdat ‘n lid nie haar IRP5 uit die Staatsdienspensioenfonds (GEPF) kan kry nie. Ons moet dink aan die arme pensioenarisse wat in sommige gevalle al meer as 'n jaar wag om hul eerste pensioenbetalings van die GEPF af te kry. Waarvan lewe hierdie mense?

Een van AMAGP se lede, Susan Voges, werk voltyds daaraan om mense te help, maar sy voer 'n opdraande stryd. Soos ons almal by AMAGP, offer sy haar tyd gratis op om honderde gevalle te probeer oplos en om brood op die tafel van hierdie ongelukkige slagoffers van die vrotbestuurde GEPF te kry. Die meeste van hulle is in elk geval armlastiges van alle kleure wat meestal klein salarisse verdien het. Die swaarkry is groot. Die klagtes stroom in en ek het tans 'n lys van 84 mense wat krepeer.

Dit is so dat Covid-19 deesdae 'n rol speel, maar die probleem is jare oud. Reeds in 2016 het die Trustees beloof dat die administrasie opgeknap en gemoderniseer word. Daar sou ook 'n ombudsafdeling geskep word om klagtes te hanteer. Daarvan het dadels gekom.
AMAGP kla al jare, maar die GEPF se Raad van Trustees trek rustig hul vet besoldigings en steur hulle nie aan mense wat bitter swaarkry nie.

Dit is tragies dat ons 'n tragedie soos Covid-19 nodig gehad het om hierdie bom te laat bars! Dit het veroorsaak dat radiostasies en koerante bewus word van hoe benard die situasie is.

Hulle verdien ons dank, want ons klagtes hieroor is al jare onder die mat ingevee. Die Trustees kyk ander pad.

58. New Issue of the GEPF Monitor

The new Issue, namely Newsletter 11 of 2020, is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from the e-mail address at amagp.sek@gmail.com.

59. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook binne drie dae met meer as 1000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".



SOEKTOGTE

60. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

61. Niks nie, want die Cremora-virus het sy tol ge-eis

ADMINISTRASIE

62. NTR.

NETWORKING

63. Tony Dippenaar van Cela

"Ek is op soek na PMP .303, 174 grein ammunisie. Kan enige van ons lesers in die Pretoria omgewing dalk help? my e-posadres is tadippenaar@gmail.com".

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

64. Die Nuusbrief se Finale Groet

65. Food for Thought

No innovation in the past 200 years has done more to save lives and improve health than the sanitation revolution triggered by the invention of the toilet - Sylvia Burwell

66. Military Enforcement

SLOT

67. En op daardie dodelike noot, geniet die naweek wat voorlê.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

68. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.